CONF/0002, 17

ARANOS GEMEENSKAP

LANDKWESSIE - KONFERENSIE

MOSIES

18Junie 1991

1. Die regering word versoek om elke burger te beperk tot een plaas.

Motivering: Op hierdie wyse sal burgers wat nie grond besit nie ook grond bekom.

2. Die regering word versoek om 'n wet op hoë belasting op elke tweede plaas in te stel, waar 'n persoon van 2 tot 5 plase of meer besit.

Motivering: Die las van hoë belasting sal die persoon dwing om van sommoge plase ontslae te maak en hierdeur sal ander burgers ook plase bekom.

3. Die regering word versoek om 'n wet te maak wat buitelanders verbied om plase te besit.

Motivering: Dit sal grond beskikbaar stel aan Namibiërs wat geen grond besit nie.

4. Die regering word versoek om wanneer hy grond terugkoop slegs te betaal vir die onkostes wat aangegaan is ter verbetering op die grond, en nie vir die grond nie.

Motivering: Omdat die persone wat huidiglik grond besit volgens geskiedenis nie die grond gekoop het nie en dat Swartes gehelp het met die opbou.

5. Die regering word versoek om die wet op lenings by die landbank so te wysig dat dit slegs aan die burgers wat nie grond besit nie toegestaan word.

Motivering: Om te help dat die mense grond kan bekom.

## AS GROND GEKRY IS WAT MAAK ONS:

1. Die Ekonomie van die land onderhou.
2. In verenigings behoort wat tot voordeel en belang van die land grond bestuur en verbeter.
3. Dat elke boer 'n potensiële boer is wat opleiding het, maar die werkers ook opgelei word.
4. Ons ondersteun die arbeidswet.
5. Ons bou toesig dat die drakrag nie deur oorbeweiding vernietig word,sodoende die land se natuur uit te put.
6. As ons die grond terugkry ~~word~~ sal Rekonsaliasie(versoening) eers 'n werklikheid word. Sal dit ooit? Geregtig ge kom voor versoenin (Eers land dan versoening)
7. Ons wil vir onself en die land voed. Ons wil nie soos in die verlede die witman opbou, voedselproduseer en dan hongerly of net verarm.